www.xtrapapers.com

IB DIPLOMA PROGRAMME
PROGRAMME DU DIPLÔME DU BI
PROGRAMA DEL DIPLOMA DEL BI

N05/2/ABAFR/SP1/AFR/TZ0/XX/T

88052205

**AFRIKAANS B – STANDARD LEVEL – PAPER 1**
**AFRIKAANS B – NIVEAU MOYEN – ÉPREUVE 1**
**AFRIKÁANS B – NIVEL MEDIO – PRUEBA 1**

Thursday 3 November 2005 (morning)
Jeudi 3 novembre 2005 (matin)
Jueves 3 de noviembre de 2005 (mañana)

1 h 30 m

---

TEXT BOOKLET – INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this booklet until instructed to do so.
- This booklet contains all of the texts required for Paper 1.
- Answer the questions in the Question and Answer Booklet provided.

LIVRET DE TEXTES – INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- N'ouvrez pas ce livret avant d'y être autorisé(e).
- Ce livret contient tous les textes nécessaires à l'épreuve 1.
- Répondez à toutes les questions dans le livret de questions et réponses fourni.

CUADERNO DE TEXTOS – INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra este cuaderno hasta que se lo autoricen.
- Este cuaderno contiene todos los textos para la Prueba 1.
- Conteste todas las preguntas en el cuaderno de preguntas y respuestas.

www.xtrapapers.com



**TEKS A**


# KUIER SAAM MET…

❶ Kuiertyd by die akteur Albert Maritz (in 7de Laan was hy die eienaar van Plus 10) is sommer 'n gesellige affêre. Hy glo daaraan om mense wat goed met mekaar klaarkom, saam uit te nooi na sy huis in Melkbosstrand.



❷ Vanaand het hy 'n mengelslaai voorberei van aspersies, groenrissie, fetakaas, uie en jong soetmielies. Daarby maak hy sy geurige perlemoenpot op die kole en sit dit saam met knoffelbrood voor.





❸ **Wat is jou geheim vir 'n goeie kuier?**

Ek nooi mense omdat hulle lekker mense is.

❹ ***[ — X — ]***

Ek speel graag musiek waarvan ek hou. Enige oorspronklike musiek is lekker. Ek het ook 'n paar plate en het onlangs 'n draaitafel gekoop.

❺ **[ — 2 — ]**

Ek dink as die drinkgoed opraak. Of konfrontasie tussen gaste.

❻ **[ — 3 — ]**

Ek nooi dikwels te veel mense, maar nietemin is die aandjie altyd lekker. Soms hou ek weer van kleiner groepies sodat ek kan hoor wat die gas langs my sê.

❼ **[ — 4 — ]**

Lekker dun wors en brandrissies. Dis die eenvoudigste en altyd 'n treffer. Jy eet die wors en die rissies so saam-saam. Ek maak ook graag 'n perlemoenpotjie.

❽ **Wie sou jy kon nooi as jy kon kies?**

Net my heel beste vriende. Ek het nie 'n vreeslike erg aan bekende mense nie.

www.xtrapapers.com



**TEKS B**

# DRAAD SIT VONKEL IN KUNSTENAARS SE LEWE

❶ Streetwires is met 'n klein banklening en slegs twee werknemers sowat vyf jaar gelede op die been gebring. Vandag werk meer as 80 mense heeltyds by die onderneming in die Bo-Kaap. Hulle vervaardig enigiets denkbaar uit gegalvaniseerde staaldraad. Daar is stoele en tafels, musiekinstrumente, sakke en mandjies, wynbottelhouers, servetringe, fotorame, radio's en selfs 'n reuse-kremetartboom, alles uit drade en sommige met helder krale versier.


❷ 

Aan kreatiwiteit onder die draadkunstenaars is daar geen tekort nie, sê Anton Ressel, die bemarkingsbestuurder van *Streetwires*. Een van die nuutste produkte is Nguni-koeie van draad wat met 'n magdom klein kraletjies versier word. Ressel sê hulle verkoop soos soetkoek.




❸ 


Draadwerk het waarskynlik sy oorsprong in Zimbabwe en die noorde van KwaZulu-Natal. "Kinders is deur armoede gedwing om hul eie speelgoed te vervaardig, vandaar die draadkar," volgens Ressel.


❹ 

'n Plaaslike kettinggroep het onlangs vir die eerste keer 'n bestelling van meer as 30 000 draadengeltjies vir Kersversierings bestel. "Ek dink die veldtog, Trots Suid-Afrikaans, het verbruikers meer bewus gemaak daarvan om plaaslike produkte te koop."

❺ 

Hoewel die draad plaaslik vervaardig word, word die krale uit die Ooste ingevoer. Die draadwerk word meestal deur die mans gedoen terwyl die kraleversiering deur vroue gedoen word. Die meeste van hulle was voorheen werkloos en baie van die vroue ervaar vir die eerste keer finansiële vryheid. Al die werknemers word per stuk betaal en kry werkvoordele soos betaalde verlof en indiensopleiding, iets waarsonder informele straatkunstenaars moet klaarkom.

❻ 






Produkte word uitgevoer en dis veral die Skandinawiese lande wat dol is op hierdie produkte. "Hulle hou van die gedagte dat hulle met die aankoop van 'n produk besig is om gemeenskappe in ontwikkelende lande te ondersteun. Dis lekker om te dink iets wat hier in Suid-Afrika alledaags is, word oorsee as versamelaarskartikels beskou."

www.xtrapapers.com



**TEKS C**



www.xtrapapers.com



❶ Ons is besig met 'n fotosessie vir Insig. Die grimeer-kunstenaar werk aan sy voorkoms. "So jy hardloop?" vra sy so tussen die gepoeier en geverf deur. "Ja," antwoord hy beskeie. Ek blaai vervaard deur my aantekeninge om haar op die hoogte van sy prestasies te bring. Hy het maar net op verlede jaar se Paralimpiese Spele in Athene 'n vinniger tyd in die 200m aangeteken as die wenner van die 'gewone' Olimpiese 200m vir vroue en het teruggekom met een van Suid-Afrika se 15 goue medaljes. 'n Bronsmedalje in die 100m ook. Nie sleg vir 'n matriekseun wat maar in Januarie verlede jaar aan atletiek begin deelneem het nie.

❷ Later vertel Oscar Pistorius gemaklik dat hy sonder maermerries gebore is. Op elf maande is albei sy bene onder die knie afgesit, en twee maande later het hy sy eerste kunsledemate gekry. Hy's filosofies oor sy sogenaamde gebrek. "Ek het nooit bene gehad nie, dus kan ek nie sê of ek dit mis nie. Ek is baie ontspanne en gelukkig. Ek het nooit rêrig groot probleme gehad nie."

❸ Hy het met atletiek begin omdat hy traag was om na 'n besering terug rugbyveld toe te keer. Skaars 'n maand nadat hy begin oefen het, was sy tyd goed genoeg om aan die SA Kampioen-skapsbyeenkoms deel te neem. Daar stap hy weg met 'n goue medalje vir die 100m en die 200m. Daar is gegons oor 'n moontlike deelname aan die Paralimpiese Spele, maar Oscar het hom nie veel daaraan gesteur nie. Hy is Amerika toe om daar te hardloop. Met sy terugkeer was sy naam sowaar op die Athene-lys. "Dit was nogal 'n skok! Ek het dit nie verwag nie."

❹ Oor sy Athene-sege sê hy "die medaljes is natuurlik wonderlik, maar die beste was net om daar te wees." Daar was 'n oomblik van drama met die halfeindronde van die 200m. Met die wegspring het Oscar neergeslaan na 'n misverstand met die wegspringskote. "Al wat my daar opgekry het, was die skare en die adrenalien. Soms moet 'n mens jouself net optel en hardloop," sê hy.

❺ Ons gesels oor sy bene. Hy het ses paar bene: een normale, vleeskleurige paar, een ou hardlooppaar, drie nuwe hardlooppare en 'n gimpaar. Die veselglasbene kos letterlik 'n plaas se geld (ongeveer R210 000), maar gelukkig borg 'n Sweedse prostese-maatskappy die toerusting. "Die hardloopbene is stukke beter as in die verlede, die tegnologie kom al nader aan regte bene. Bene van 'n goeie gehalte beïnvloed wel 'n mens se prestasie, maar as jy nie die talent of tegniek het nie, kan jy maar vergeet," sê Oscar.

www.xtrapapers.com



**TEKS D**

# 'N SPOOKTOER IN DIE STRANDVELD



❶ Dis nou daardie tyd van die jaar dat die berugte Vlieënde Hollander weer gaan probeer om om die Kaap van Storms te seil. Met die eerste winterreëns, die gehuil van die noordwestewind en die sleepmis wat laag teen die Duynefonteinberge lê, is dit tyd vir spoke en legendes. Die Strandveld-museum op Franskraal is tans volstoom besig met die organisasie vir die volgende spooktoer.

❷ Die bus vertrek op 'n Saterdagmiddag om 14:30 van die museum. Die Birkenhead-tragedie en die legende van die kiste vol goud wat moontlik nog in die duine in die Strandveld lê, sal aan die toerlede vertel word. In die museum word die grootste private versameling aandenkinge van hierdie skip wat langs die kus gestrand het, bewaar.

❸ Die bus ry deur die mooiste deel van die Strandveld na Helderfontein se spookbos en almal drink koffie saam met die spookmeisie van Helderfontein. Vandaar reis ons na Napier waar daar op die Woesteberge 'n glasie geklink word op 'n panoramiese uitsig wat voor die toerlede lê - die Rûens aan die een kant en die Strandveld aan die anderkant.

❹ Skemeraand word daar uitgespan op die werf van Voorberg, aan die voet van die berg, waar die spooksoekers op egte boeregasvryheid onthaal word. Attie Fourie, die plaasboer, is 'n versamelaar van ou waens en plaaswerktuie wat die gaste kan bekyk.

❺ Laataand vertrek die bus op sy laaste skof van die spooktoer. Dan sit die toerlede styf teen mekaar ingeval die berugte spookryloper hom by die toergroep aansluit. Teen middernag is almal terug by die museum.

❻ Op die toer raak almal van hul stres ontslae. Die banges kry 'n glasie witblits op Sopieshoogte, die vrolikes word onthaal op jolige konsertina- en kitaar-musiek en vir diegene wat mal is oor 'n storie is daar genoeg spook- en liegstories om die lang nag kort te maak. Gemaklike klere, 'n warm baadjie en koffiebeker is noodsaaklik. Bangbroeke mag maar iets sterkers in hul binnesak saambring.

❼ Die koste is R150 per persoon. Bespreking is noodsaaklik. Bel die Gansbaaise Toerismeburo by 028 384 1439.

'n E-pos kan gestuur word aan die toergids by sdfourie@ananzi.co.za